Telers bied topdiere

Deur CLIVÉ BURGER

Die Diamant Dorper-veiling in Kimberley, met bekende telers van Dorpers en Wit Dorpers, het baie suksesvol verloop.

Die hoogste prys was vir 'n Dorper-ooi van mnr. Mickey Phillips van Tarkastad. Dié ooi, 'n dogter van die bekende Rolo wat 'n paar jaar gelede teen R400 000 in Upington verkoop is, is vir R30 000 van die hand gesit. Die koper was McNaughton & Ellis Properties, ook van Tarkastad.

Die hoogste prys vir 'n Dorper-ram was R18 000. Die verkoper was weer Phillips en die koper was die Ceresboerdery, Upington. Die beste prys vir 'n Wit Dorper-ram was R8 500 met die Naas Malherbe-trust van Hertzogville die teler en mnr. J.C. Venter van Kuruman die koper.

Mnr. Dries Wiese van Kasteel Dorpers het twee Wit Dorper-ooie teen R5 000 stuk verkoop aan onderskeidelik mnr. Piet de la Rey van Potgietersrus en mnr. A.J. Burger van Kimberley.

Die gemiddelde pryse vir ramme was: Tipe 5-Dorpers, R13 250 stuk; Dorper-stoetramme, R8 150 stuk; Dorper-kudderamme, R4 513 stuk; tipe 5-Wit Dorpers, R8 500 stuk; Wit Dorper-stoetramme, R5 175 stuk; Wit Dorper-kudderamme R3 960 stuk.

Tipe 5-Dorper-ooie is teen gemiddeld R4 962 stuk verkoop, Dorper-stoetooie teen gemiddeld R2 207 stuk, Dorper-kudde-ooie teen gemiddeld R1 550 stuk, tipe 5 Wit Dorper-ooie teen R2 578 stuk, Wit Dorper-stoetooie teen R1 658 stuk en Wit Dorper-kudde-ooie teen gemiddeld R1 416 stuk.

Die omset van die veiling was R913 300.

GWK Kimberley het die veiling aangebied en mnr. Deon Klopper was die afslaer.

'n Topprys van R30 000 is vir hierdie Dorper-ooi van mnr. Mickey Phillips (regs) van Tarkastad betaal deur Ellis & McNaughton Properties van Tarkastad.



Die bul Havensim Ellis Mae van mnr. Danie Vos se stoetery Alvos, Thabazimbi, is teen 'n Suid-Afrikaanse rekordprys van R180 000 vir 'n Simmentaler deur mnr. Rob Malan van Humansdorp op Vos en mnr. Willie O'Brien se gesamentlike veiling op Northam gekoop. Mnr. Johannes Phaho is die hanteerder.

Mnr. Rob Malan (naasregs) van Humansdorp het 'n SA rekordprys van R85 000 vir dié Simmentaler-koei op die gesamentlike veiling van mnre. Willie O'Brien (naaslinks) en Danie Vos op Northam betaal. Links is mnr. Mike Killassy, afslaer van Vleissentraal Bosveld, en regs is me. Marie Malan.

Beste pryse, weeklikse slagveeveiling, Kroonstad		
Lewende gewig	14/8 (R/kg)	7/8 (R/kg)
Speenkalwers		
< 200 kg	13,56	13,70
Tot 250 kg	12,33	–
> 250 kg	11,99	13,28
Volwasse beeste		
A-graad	–	11,42
B-graad	10,53	9,66
C-graad	9,57	9,46
Slagbulle	10,13	10,38
Suipkalwers: R700 stuk		
Daar is 'n groot vraag na alle soorte slagvee.		
Die inligting is verskaf deur Elite Afslaers.		

Simmentaler-veiling, Northam. Alvos-stoetery van mnr. Danie Vos (Thabazimbi) en die Wensim-stoetery van mnr. Willie O'Brien (Lephalale). Genooide verkopers: Simlee-stoetery, mnr. Callie en me. Erika Lee (Thabazimbi).

Soort	Aantal	Gem. (R)	Hoogste (R)	Verkoper van duurste dier	Koper van duurste dier
Bulle	16	28 500	* 180 000	Alvos	Mnr. Rob Malan, JJZ Innovations, Humansdorp
Koeie	21	20 857	85 000	Wensim	
Verse	8	15 438	26 000	Alvos	
Koeie met kalwers	23+23	23 978	52 500		Silver Falcon van Sinnoville
Omset	R1 569 000				
Afslaer: Mnr. Mike Killassy van Vleissentraal Bosveld. * SA rekordprys					